

14 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 15:7-13  
Fokusgedeelte: Romeine 15:8-9

### Jesus se koms wek die nasies op tot lof aan God

“U wil ek loof, U singend eer,  
U by die nasies groot maak, HEER,  
en U vir groot verlossings prys!”

So loof ons die Here singende in Psalm 18. Die advent of koms van Jesus Christus is vooraf aangekondig as verlossing vir die nasies en nie net vir die Jode nie. Die ou volk Israel het die beloftes gehoor, maar mag nie meerderwaardig daaroor wees nie. Net so mag ons nie vandag die adventsvreugde slegs met kerkmense deel nie. Dit is belangrik dat ons ons weer oor die koms van die Christus verbly. So baie ander kan ook in die blydschap deel.

Hoe gaan jy Kersfees tegemoet? Het jy die afgelope jaar meegewerk om Christus aan al die nasies bekend te maak? Sal jy saam met nuwe Christene 'n loflied kan aanhef vanjaar? Onthou: “Hy (Christus) het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik” (Rom 15:9).

*Sing: Psalm 18:20 (Totius); Psalm 18:12 (Cloete)*

*Dr. Callie Opperman*